Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, September 17, 2023

Page: 16

# Beleggings: Só beplan jy jou eie armoede



## Geldwolf-skemas is meeste keer te goed om waar te wees



Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**

Terwyl ek die afgelope week vroegoggend lê en luister na die reën, wonder ek of die beste finansiële raad nie dalk te vinde is in die koerant se nuusberigte nie.

Raad oor wat om nié met jou geld te doen nie.

En toe wonder ek hoe ek mense kan waarsku teen glyjakkalse en ander wat daarop uit is om jou en jou swaar verdiende geldjies van mekaar te skei.

As jy die nuusberigte in veral *Rapport* lees, sal jy weet waarvan ek praat.

Kyk na 'n opskrif soos "Louis Liebenberg - Diamante: 'Iemand gaan bedonner word' " (*Rapport*, 23.10.2022). Duideliker kon ek dit nie stel nie - en ek is nogal geneig om direk te wees, vertel lesers my.

Maar tog lees ons in "Diamante: Juanita belê glo steeds in Liebenberg se skema" (*Rapport,* 02.08.2023) dat die sangeres Juanita du Plessis en haar man, Doepie, steeds glo belê in diamantpakkies van Liebenberg se Forever Diamonds and Gold (FDG)-skema. Ek kom terug na die punt.

Stukkie vir stukkie het *Rapport* Liebenberg met sy ongure karakter en groot bek aan die kaak gestel.

Maar tog gebeur dit soos klokslag dat ons lees van nóg 'n beleggingslagoffer.

En die strik waarmee hulle gevang word, is dieselfde as die een wat die vorige slagoffer gevang het. Wat my soms laat wonder of dit werklik slagoffer is, of meedoener, wat net sy of haar eie alie gesien het.

Onlangs in die media lees ons van 'n boer in die Oos-Kaap en sy "beleggingskema".

"Beleggers" kon skape of beeste koop wat op sy grond loop en wanneer die lammers verkoop word, word die opbrengs verdeel tussen hom en die "belegger". Wat toe volgens die nuus nie so gereeld gebeur het nie.

Die boer ontken skuld en blameer droogtes en vloede en meer. Of hy skuldig is of nie weet ek nie. Maar as skelms en bedrieërs rondgeloop het met duiwelshorinkies op hul voorkop sou ons hulle kon uitken. Maar hulle lyk soos ek en jy. Hulle gaan kerk toe, veral kerk toe.

Soos die einste boer. En toe val selfs 'n pastoor vir hierdie "beleggingskema" en belê sy R1,5 miljoen.

As jy die mense nie kan uitken nie, hoe beskerm jy jouself?

**Loop lig vir gierigheid**

Jou eie gierigheid is myns insiens die grootste enkele faktor wat van jou 'n maklike slagoffer maak.

Jy kan dit in 'n sagte wattedoekie genaamd "goedgelowigheid" probeer toedraai, maar dit is eintlik gierigheid.

Of dit nou diamantpakkies is en of dit skape en beeste is, dit is dieselfde. As dit te goed is om waar te wees, dan is dit.

Sonder uitsondering.

Die boer het volgens beriggewing selfs belowe dat sou die beeste en skape wat hulle koop, vrek, sal hy die koste daarvan dra. Ja, en Kersvader dra rooi wolsokkies. Sy skema is dus 'n "risikovrye belegging". Jy kan net voordeel trek. As daar skade is, dan dra hy maar die skade. En dit met droogtes en vloede waarmee boere gereeld te doene kry?

En dan, lees ek, is die pastoor vies omdat die boer hom glo net R20 000 per maand betaal het. Op sy belegging van R1,5 miljoen 'n opbrengs van 16% per jaar. Hy het glo eintlik R35 000 per maand verwag. Dit is 'n opbrengs van 28% per jaar.

En dit is risikovry? En elke maand verkoop hy dieselfde getal lammers? Heeljaar?

Ek kan nie glo dat enigeen wat darem kan lees en skryf, al lees hy of sy nie aldag koerante en tydskrifte nie, hulself in sulke transaksies sal laat intrek as daar nie ook 'n ander "meevaller" aan gekoppel is nie.

Iets soos belastingvermyding, dalk?

Ek sou graag bevestiging wou sien of inkomstebelasting betaal is op die maandelikse inkomste verdien uit sulke skemas. Hetsy uit verkope van vee of diamantpakkies, rente-inkomste of enige ander vorm van inkomste.

Wat my terugbring by ons singende Juanita. Die Liebenbergs van die lewe gebruik gewoonlik bekendes en glanspersone om ander in te lok in hul beleggingskemas.

Ek sien Liebenberg het selfs die bejammerenswaardige oud-Springbok-losskakel Derick Hougaard en ons oudpresident Jacob Zuma van 'n geldjie voorsien vir ditjies of datjies. Dit is skynbaar nou op 'n einde. Maar dit is die glanspersone wat geloofwaardigheid bied aan sulke skemas.

Dalk glo Juanita dat haar belegging 'n opbrengs gaan lewer, maar wat nie te betwyfel is nie, is dat sy in werklikheid ook as 'n bemarkingsagent vir Liebenberg se skema gebruik word, of sy wetens meedoen of nie.

**As dit te goed is om waar te wees…**

My boodskap?

As dit te goed klink om waar te wees, stap weg.

As die aanbieder van die aanbod 'n blinkstefaans is, stap weg.

As daar "geen risiko" aan die belegging is nie, stap weg.

As glanspersoonlikhede onder jou neus gevryf word om jou te oortuig om jou geld te belê, stap weg.

Enige belegging moet op twee bene staan: behoefte en vermoë. Nie net op een nie. Ongelukkig is dit so dat mense met min geld se behoefte aan inkomste baie keer groter is as hul geldelike vermoë.

Sulke mense is broos.

Hulle is maklik om uitgebuit te word en sal teen hul eie beterwete, glo ek, maklik die stories sluk van geldhiënas wat in skaapklere rondloop. Want hulle wíl dit glo.

Kry liewer jou finansiële raad by erkende en kundige finansiële raadgewers.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en is 'n lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com**

## Belastingkortings vir getroudes

**Nóg raad**

Word die belastingvrystelling wat toegestaan word vir individue verdubbel vir mense wat binne gemeenskap van goed getroud is, wou 'n leser die afgelope week weet.

Nee. Geen korting "verdubbel" nie. Elkeen kry sy eie korting.

Dit werk soos volg.

As jy binne gemeenskap van goed getroud is en albei gades werk en verdien 'n salaris, dan word elkeen in sy of haar eie hoedanigheid belas op hul onderskeie inkomste volgens die heersende belastingskaal.

Belastingaftrekkings en -kortings word dan toegepas op elkeen individueel.

Die belasting op beleggingsopbrengs en byvoorbeeld huurinkomste uit eiendom in die gemeenskaplike boedel werk so 'n bietjie anders.

Omdat die inkomste so verdien, beleggingsgroei of huur, kom uit bronne in die gemeenskaplike boedel, word hierdie opbrengs vir belastingdoeleindes ook verdeel.

Julle betaal dus om die helfte die belasting op daardie inkomste.

En dan kry elkeen in eie reg die vrystelling toegestaan, afhangende van die tipe belasting.

Op rente-inkomste is die belastingvrystelling R23 800 per jaar vir diegene onder 65 jaar en R34 500 vir diegene oor 65 jaar.

Sou julle saam dus rente verdien van R47 600 (onder 65 jaar) sal julle geen belasting hoef te betaal op rente nie.

Dieselfde geld vir die R40 000-aftrekking per jaar vir kapitaalwinsbelasting.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.